Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis.

# Nuusweek

Pretoria FM

Nommer 84, Jaargang 2 18 September 2026 www.pretoriafm.co.za

Laai af en deel op al jou WhatsApp-groepe



# WIE IS VOLGENDE?

VN ontsteld oor moorde 03

SA moet nou pa staan 04

Dokkie lok debat uit 05

Die laaste Britse eerste minister? 13

Laat waai, dis tyd vir BRAAI met THERON`S VLEISPRODUKTE!



THERON`S BRAAIRIBBETJIE RAMBA!

THERON`S MNANDI RIBBETJIES
SPESIALE AANBIEDING R790.00 per 10 kg
Gewone prys: R840.00 per 10 kg | Jy spaar: R50.00!

THERON`S BEES-SIZZLER-BRAAIWORS
SPESIALE AANBIEDING: R179.00 per 2.5kg
Gewone prys: R191.50 per 2.5kg | Jy spaar: R12.50!

THERON'S ECONO HAMBURGER PATTIES
SPESIALE AANBIEDING: R285.00 per 5kg boks
Gewone prys: R423.50 per 5kg boks | Jy spaar: R138.50!

SPESIALE AANBIEDINGS geldig vanaf 21 September 2026 tot en met 5 Oktober 2026. Theron`s bied GEHALTE VLEISPRODUKTE teen WARE GROOTHANDELPRYSE, aan Jan Publiek. Besoek ons FABRIEKSWINKEL by 185 Charlotte Maxeke Straat Pretoria-Wes. WHATSAPP ons by 076 077 0437 / Tel: 012 3272327 / 3200/ 3938 / 3939 / 3940. Volg ons FB-Blad by "Theron`s Meat Products."

# Wie is die vroue wat aan die Oos-Rand vermoor is?

*Seugnet van Zyl*

"Hierdie vroue is nie net liggame of saaknommers nie. Iemand ken hulle. Ons moet uitvind wie hulle is."

Ian Cameron, voorsitter van die parlementêre portefeuljekomitee oor polisie, sê die groot prioriteit is nou eenvoudig: "Identifiseer hierdie vroue wat aan die Oos-Rand vermoor is".

Vier families het sedertdien hul geliefdes geïdentifiseer, naamlik die 32-jarige Itumeleng Kekana, die 38-jarige Elizabeth Moselakgomo, die 38-jarige Dineo Evelyn Motapane en die 28-jarige Gracious Nkomo. Vyf van die vermoorde vroue is langs die R21-hoofweg in die Kempton Park-omgewing, twee in Olifantsfontein, een is in KwaThema naby Springs en een in Dawn Park by Boksburg gevind. Volgens lt.genl. Puleng Dimpane, waarnemende nasionale polisiekommissaris, is vyf van die vroue seksueel aangerand of verkrag. Dit is nog onduidelik of dit gebeur het voor of ná hulle vermoor is.

Cameron wonder waar hierdie naamlose vroue se families is.

"Word hulle êrens vermis? Het iemand hulle by 'n ander polisiekantoor as vermis aangemeld? Dit beteken natuurlik nie dat niemand na hulle soek nie. Hulle kan van 'n ander dorp of provinsie wees, of van hulle kon dalk nie meer goeie kontak met hul familie gehad het nie."

Volgens Cameron moet die polisie se interne stelsel nou met mekaar "begin praat" om vermistepersoonsake, DNS, vingerafdrukke en ander inligting te kan vergelyk.


Ian Cameron


Min. Firoz Cachalia

"Nie net in Ekurhuleni nie, maar wyer."

Een van die vroue, Itumeleng Kekana (32), kom juis van Qwaqwa in die Oos-Vrystaat. Sy is die tweede vrou, wat op 3 Augustus dood gevind is nadat sy op 17 Julie in Kempton Park vermis geraak het.

Elizabeth (Tsontso) Moselakgomo (38) was die bestuurder van die Alberton City-winkelsentrum. Haar familie moes haar oorskot Maandag in die Germiston-lykshuis gaan uitken nadat sy Woensdagmiddag vir die laaste keer gesien is toe sy gaan draf het.

Prof. Christiaan Bezuidenhout, 'n kriminoloog van die Universiteit van Pretoria, sê dit kan nie nou al met sekerheid gesê word of dié moorde die handewerk van 'n reeksmoordenaar is nie.

Bezuidenhout verduidelik daar is soveel faktore wat eers in ag geneem moet word.

"Ons almal moet eers 'n tree terug gee voordat ons sê dis 'n reeksmoordenaar. Dit 'n tragedie wat voor ons oë afspeel. Dit het Gauteng tot stilstand gebring en ons polisie-energie alles in een rigting gestuur. Dit het mense en die media op hol. Vroue leef in vrees."

Volgens Bezuidenhout moet die polisie nou eers deeglik ondersoek instel waar daar na die omgewing, DNS en 'n klomp ander aspekte gekyk sal moet word voordat hulle kan vasstel of dit reeksmoorde is of nie.

Bezuidenhout sê as daar van reeksmoorde gepraat word, word daar eerstens na die modus operandi gekyk of hoe die moorde gepleeg is.

*Na bladsy 3*



## Wie is die vroue wat aan die Oos-Rand vermoor is? (vervolg)

*Van bladsy 2*

"Dit sal die polisie kan help om 'n patroon te kan identifiseer en of dit dieselfde persoon is wat die vroue vermoor het."

Die waarnemende minister van polisie, prof. Firoz Cachalia, het daarom 'n spesiale taakspan saamgestel om die moorde te ondersoek en om vas te stel of daar 'n verbintenis of verbintenisse tussen die moorde is. Dit sluit onder meer misdaadintelligensie, ervare speurders en forensiese dienste in.

'n Geregtelike doodsondersoek sal vir die ongeïdentifiseerde gevalle ingestel word. Lykskouings sal ook gedoen word om meer lig op die omstandighede van hul dood te werp.

Die polisie en die DA het 'n gesamentlike beloning van R900 000 aangebied vir inligting wat kan help om die moorde op te los en die skuldige(s) aan te keer. **N**

## VN ontsteld oor moorde

***Redaksie***

Die Verenigde Nasies in Suid-Afrika sê hy is diep ontsteld oor die moorde op verskeie vroue binne 'n kort tyd in die ooste van Gauteng.

Die VN sê die moorde weerspieël die voortslepende geweld teen vroue en meisies in Suid-Afrika en veroorsaak vrees en onsekerheid in gemeenskappe.

Die organisasie doen 'n beroep vir 'n dringende en deeglike ondersoek, asook sterker optrede om die moordenaars vas te trek en te verhoor.

Die VN sê voorkoming, beskerming, toegang tot geregtigheid en samewerking tussen wetstoepassings- en gemeenskaps-instellings moet dringend verskerp word. **N**

## DA bied halfmiljoen aan vir leidrade oor Ekurhuleni-moordenaar

***Walter Ernst***

Die DA het 'n kontantbeloning van R500 000 uitgeloof vir leidrade wat tot die suksesvolle vervolging van 'n vermeende reeksmoordenaar in die Ekurhuleni-metro kan lei.

Volgens die DA se burgemeesterskandidaat vir die metro, Khathutshelo Rasilingwane, volg dié drastiese stap nadat die liggame van tien vroue binne twee maande in die omgewing gevind is.

Gemeenskapslede word gemaan om alle leidrade by die Suid-Afrikaanse Polisiediens aan te meld.

Volgens die party is 'n bewys van formele aanmelding by die polisie 'n vereiste om vir die uitbetaling te kwalifiseer, aangesien geen direkte wenke deur die party hanteer word nie. **N**



# Amerika se nuwe beleid weerspieël ontevredenheid met SA regering

*Seugnet van Zyl*





Kallie Kriel

Amerika se nuwe beleid oor diskriminasie teen etniese minderhede en rassegroepe in Suid-Afrika, word op eie bodem as die eerste stap gesien om elke amptenaar en politikus wat enigsins 'n rol in onteiening sonder vergoeding of rassemaatreëls ingestel het, aan die pen te laat ry.

Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, sê dié burgerregteorganisasie verwelkom Amerika se jongste optrede.

Marco Rubio, Amerikaanse minister van Buitelandse Sake, het Woensdag 'n nuwe beleid aangekondig wat beperkinge op visums in ingevolge die Wet op Immigrasie en Nasionaliteit instel. Volgens Rubio is Amerika steeds bekommerd oor beweerde misdade wat deur ras gemotiveer word en diskriminasie wat deur die Suid-Afrikaanse regering gefasiliteer word teen Afrikaners en ander minderheidsgroepe in Suid-Afrika. Die beleid sluit ook in "rasgegronde diskriminerende wetgewing, dreigemente van grondonteiening sonder vergoeding, en aanhitsing tot rassegeweld deur ontmenslikende gesange en slagspreuke". Luidens Rubio se verklaring het Suid-Afrika nie Amerika se bekommernisse hanteer nie, soos uiteengesit in 'n uitvoerende bevel deur pres. Donald Trump in Februarie 2025.

"Dié optrede gaan baie wyer tref as (Julius) Malema se gebruik van die 'Kill the Boer'-slagspreuk, wat etniese geweld aanhits. Ekonomiese strafmaatreëls teen individue kan ook volg, sou die Suid-Afrikaanse regering volhard in hierdie roekelose beleidsrigting."

Kriel voer al vir jare aan dat grondonteiening sonder vergoeding ontoelaatbaar is. AfriForum, die DA en die Vaderland-stigting het hul ook tot die hof gewend om dit te beveg.

AfriForum het die Suid-Afrikaanse regering al herhaaldelik versoek om die 'Kill the Boer'-dreunsang, wat 'n oproep tot etniese geweld teen Afrikaners is, onvoorwaardelik moet veroordeel.

Kriel sê die Suid-Afrikaanse regering moet ten minste erkenning gee aan die feit dat plaasmoorde gepaard gaan met buitensporige marteling en geweld.

"Die Suid-Afrikaanse regering moet die volle verantwoordelikheid vir Amerika se jongste optrede aanvaar, aangesien die regering geen daadwerklike stappe gedoen het om die sing van 'Kill the Boer', die Onteieningswet en diskriminerende rassewetgewing te herbesoek nie."

Ronald Lamola, minister van Internasionale Betrekkinge en Samewerking, sê in 'n verklaring in Afrikaans dat Amerika se jongste aankondiging weer ooreenstem met die wanvoorstelling van Suid-Afrika se binnelandse beleide deur randgroepe wat hulleself verkeerdelik voordoen as verteenwoordigers van "minderhede" en Afrikaners in die algemeen.

Roland Henwood, politieke ontleder, sê Amerika se aankondiging is uit 'n funksionele perspektief nie nuut nie.

"Dis eerder simbolies van aard omdat dit op 'n spesifieke manier 'n boodskap aan die Suid-Afrikaanse regering stuur."

Henwood wonder wel hoekom hierdie ontevredenheid nie deur diplomatieke kanale opgevolg en uitgesorteer kan word nie, tensy dít misluk het of dat daar geen samesprekings op die vlak is nie.

"Daar is duidelik 'n probleem tussen Suid-Afrika en Washington met betrekking tot beleidsfokus en diplomatieke konteks van kommunikasie."

Henwood sê die Suid-Afrikaanse regering reageer op 'n spesifieke wyse, waarin daar verkondig word dat daar met Amerika saamgewerk word om verskille tussen dié twee lande te probeer uitstryk.


Henwood is bekommerd omdat daar geen daadwerklike aksie in dié konteks waargeneem kan word nie.

Volgens hom sal Suid-Afrika duidelike standpunte met betrekking tot buitelandse beleidsverklarings en aksies moet inneem, dít duidelik moet kommunikeer en daarvolgens moet optree.

Hy sê die ANC beskou ook buitelandse beleid as sy domein en nie dié van die Regering van Nasionale Eenheid nie, want daar is geen aanduiding van samesprekings met ander politieke partye nie.

"Dit is problematies, want dit weerspieël nie noodwendig die standpunt van Suid-Afrika in die algemeen of in die breë spektrum nie." **N**

# Crossed Out:
## Dokkie ontketen ongemaklike gesprek







**Gunther von Below**

Die première van *Crossed Out – Confronting Persecution in South Africa* het 'n ongemaklike gesprek oor Suid-Afrika se verlede, hede en toekoms laat ontstaan.

Die dokumentêr kyk na die land se geskiedenis en huidige politieke landskap vanuit die perspektief van minderheidsregte vir Afrikaners.

Een van die dokumentêr se hoofargumente is dat Suid-Afrika se diversiteit nie net oor taal gaan nie. Die land bestaan uit verskillende gemeenskappe, elk met hul eie geskiedenis, kultuur en behoeftes. Suid-Afrika se politieke mag is te sentraal en gemeenskappe behoort meer ruimte te hê om besluite oor hul eie toekoms te neem.

Die film se sterkste oomblikke is egter die persoonlike getuienisse van mense wat plaasaanvalle oorleef het. Een slagoffer vertel hoe 'n aanvaller "Kill the Boer" geskree het voordat hy haar met 'n stuk staal oor die kop geslaan het. Sulke getuienisse bring 'n politieke debat wat maklik abstrak kan raak, baie nader aan mense se geleefde werklikheid.

Die dokumentêr kyk ook na politieke leiers se gebruik van omstrede slagspreuke. Daar word onder meer verwys na Nelson Mandela en Jacob Zuma se gebruik van liedjies wat na die doodmaak of skiet van boere verwys, asook Julius Malema se "Kill the Boer". Die film vra waar die grens tussen vrye politieke uitdrukking en aanhitsing tot geweld getrek moet word.

Nog 'n deel van die film fokus op swart ekonomiese bemagtiging. Advokaat Mark Oppenheimer bespreek onder meer die moontlike implikasies van streng rasseverteenwoordiging in die werksplek. Die dokumentêr vra ook wie werklik ekonomies voordeel trek uit beleide wat bedoel is om histories benadeelde Suid-Afrikaners te bemagtig.

Die film wys verder op Afrikaner-gemeenskappe soos Filadelfia, waar mense probeer om minderbevoorregte Afrikaners te help. Die besturende direkteur beskryf dit as 'n voorbeeld van gemeenskappe wat self oplossings probeer vind waar hulle meen die staat nie genoeg doen nie.

Roets sê verder dat *Crossed Out* nie probeer om Suid-Afrika se probleme as eenvoudig voor te stel nie.

"Die boodskap is eerder dat 'n land met soveel verskillende gemeenskappe moontlik nuwe maniere moet vind om mag te versprei en mense se reg op taal, kultuur en waardigheid te beskerm."

Die dokumentêr is tans nog nie vir die publiek beskikbaar nie, maar sal na verwagting teen die einde van September vrygestel word.

*Crossed Out – Confronting Persecution in South Africa* sal binnekort op Lex Libertas se platforms beskikbaar wees. **N**



# Slagoffers van plaasaanvalle gemartel, verbrand en verwurg

**Redaksie**

’n Nuwe AfriForum-verslag, waarin 47 afsonderlike gewelddadige plaasaanvalle wat oor ’n tydperk van sewe jaar plaasgevind het, bestudeer is, toon ’n herhalende patroon van marteling waarin plaasaanvallers verskeie geïdentifiseerde metodes inspan om slagoffers fisiek en emosioneel te mishandel. Dié verslag, getiteld More than robbery: Violence during attacks on farms and smallholdings in South Africa, 2019–2025 is die afgelope week bekendgestel en voer aan dat die buitensporige geweld wat sommige plaasaanvalle kenmerk, daarop wys dat plaasaanvalle nie blote roof is nie.

Die burgerregteorganisasie kom deur dié studie tot die gevolgtrekking dat die gebruik van geweld tydens die bestudeerde plaasaanvalle sodanig is dat dit wel as marteling geag kan word; dat marteling tydens plaasaanvalle ’n verskynsel is wat oor die hele land voorkom; en daar aangevoer kan word dat plaasaanvalle ’n uitsonderlike tipe misdaad is.

AfriForum se navorsing toon dat slagoffers in die bestudeerde aanvalle telkens gemartel, verbrand, gesteek en verwurg is en aan ernstige fisieke, emosionele en seksuele mishandeling onderwerp is. Vier sleutelbevindinge word in die studie gemaak wat daarop wys dat plaasaanvalle waar marteling voorkom ooreenkomste toon ten opsigte van die wapens wat gebruik word, die fisieke beserings van slagoffers, die gebruik van afpersing, en die gebruik van buitensporige geweld.

Volgens Jacques Broodryk, AfriForum se hoofwoordvoerder vir Gemeenskapsveiligheid, is die uiters gewelddadige aanvalle wat bestudeer is, nie net tot een deel van die land beperk nie.

“Dié wrede aanvalle kom in elke provinsie voor en bevestig dat plaasaanvalle ’n nasionale landelike veiligheidsprobleem is wat ’n doelgerigte en gespesialiseerde reaksie vereis.”

Volgens Broodryk doen AfriForum weer eens ’n beroep op die regering om plaasaanvalle as ’n prioriteitsmisdaad te erken, en soos ander prioriteitsmisdade (insluitende transitorowe, geslagsgebaseerde geweld, onwettige mynbou en onwettige handel in wild) deur middel van ’n gespesialiseerde benadering en strategieë te bekamp.

“Indien die regering die unieke aard van transitorowe en onwettige wildhandel kan erken en gespesialiseerde strategieë kan ontwikkel om daardie bedreigings te bekamp, is daar geen logiese rede waarom plaasaanvalle anders hanteer moet word nie. Die aard van plaasaanvalle vereis gespesialiseerde intelligensie, doelgerigte ondersoeke, toepaslike polisiëringshulpbronne en doeltreffende samewerking met landelike gemeenskappe.”

AfriForum doen ook ’n beroep op die regering en politieke leiers om opruiende en haatlike retoriek wat teen Suid-Afrika se boerderygemeenskappe gerig is – soos die “Kill the Boer”-dreunsang – onomwonde te veroordeel.

“Politieke leiers kan nie aanvoer dat hulle ernstig is oor die bekamping van geweld, maar swyg wanneer opruiende retoriek wat ’n spesifieke gemeenskap teiken, genormaliseer word nie.” **N**



# Ingryping by Gauteng-onderwys geëis

*Redaksie*

Die Gautengse Onderwysdepartement het volgens Solidariteit erken dat hy nie meer sy statutêr verpligte subsidies aan skole kan betaal nie. Solidariteit en die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) het daarom dié week die parlement gevra om die departement onder administrasie te plaas.

Die organisasies sê die wanbetaling is deel van 'n groter administratiewe en finansiële krisis wat skole dwing om self toenemend vir funksies en dienste in te staan wat die departement behoort te lewer.

Die eis volg nadat die GDO in 'n skrywe van 27 Julie 2026 erken het dat hy weens "cash constraints and other challenges" nie die statutêr vereiste skooltoekennings betyds kon betaal nie. Skole moes teen 15 Mei reeds 50% van hul goedgekeurde 2026-toekennings ontvang het, maar volgens die petisie het talle skole teen dié datum slegs sowat 3% van hul jaarlikse toekenning ontvang. Die departement het in sy antwoord verder aangedui dat R2,6 miljard nodig was vir die skooloordragte wat teen 15 Mei betaalbaar was, terwyl die provinsiale tesourie sowat R900 miljoen per maand vir goedere, dienste en oordragbetalings beskikbaar gestel het.

Dr. Dirk Hermann, uitvoerende hoof van Solidariteit, het met die oorhandiging van die petisie in Kaapstad gesê dat die GDO reeds maande versuim om statutêr verpligte skoolsubsidies aan skole te betaal.

"Dit is duidelik dat hierdie departement verval en eenvoudig nie meer sy grondwetlikeverpligtingekannakomnie.Wanneer 'n provinsiale onderwysdepartement só 'n erkenning maak, is dit nie meer bloot 'n administratiewe probleem nie. Dit is 'n bestuurskrisis wat ingryping vereis."

Met die petisie dui Solidariteit en die SOS aan hoe die GDO se administratiewe en finansiële wanbestuur, asook sy gebrekkige beplanning die provinsie se onderwysstelsel op sy knieë dwing, deur noodsaaklike poste wat nie gevul word nie en versuim om skole en onderwysers behoorlik te ondersteun.

Die DA en die VF+ is versoek om die petisie in die parlement ter tafel te lê en om druk op die regering van nasionale eenheid uit te oefen om dadelik in te gryp. Melanie Buys, die hoof van SOS, sê Gauteng se leerders betaal die prys vir 'n departement wat nie sy basiese verantwoordelikhede kan nakom nie.

"Die situasie vereis dringende ingryping op die hoogste vlak en daadwerklike aanspreeklikheid deur die GDO leierskap."

Buys sê verder die GDO se gebrekkige ondersteuning en administratiewe verval is 'n regstreekse bedreiging vir skole se vermoë om gehalteonderrig te verseker.




Dr. Dirk Hermann

"Die departement faal in sy eie kernverantwoordelikhede, maar wil nogtans groter beheer oor goed funksionerende skole uitoefen. Skole en gemeenskappe moet toenemend self verantwoordelikheid aanvaar en geld beskikbaar stel net om gehalteonderrig te kan bied. Indien skole dié verantwoordelikheid dra, moet hulle noodwendig ook groter inspraak en besluitnemingsmag oor die bestuur van hul skole hê."

Volgens Buys behoort skole en beheerliggame deur die departement as vennote behandel te word en moet hulle toegelaat word om oplossings te vind wat in hul gemeenskappe se besondere behoeftes voorsien.

"Dit is onaanvaarbaar dat gemeenskappe die geld, kundigheid en arbeid aan skole moet befonds, maar terselfdertyd al hoe minder seggenskap kry oor hoe hierdie einste skole bestuur word." **N**



# VF Plus: Groen gaan dít vir gemeenskappe doen

*Walter Ernst*

Dit is tyd dat die plaaslike regering gered word sodat munisipaliteite se verval omgedraai kan word. Die tyd is nou óók ryp om gemeenskappe weer op te hef te kry en in die toekoms te laat glo, sê die VF Plus in sy 2026-verkiesingsmanifes.

Die party het die afgelope naweek 'n omvattende tienpuntplan uiteengesit om die heersende verval op munisipale vlak op 'n praktiese manier om te keer.

Volgens die VF Plus se leier, dr. Corné Mulder, is plaaslike regerings tans in 'n algehele chaos weens dekades se finansiële wangedrag, verswakkende infrastruktuur en kaderontplooiing van onbekwame amptenare.



*Dr. Corné Mulder*

Hy waarsku dat buitensporige salarisse en munisipale heffings inwoners verarm terwyl infrastruktuur waarmee basiese dienste soos skoon water, elektrisiteit en paaie gelewer word, heeltemal ineenstort.

Mulder sê dat die VF Plus huiswerk gaan doen het om te kyk wat die mense benodig.

"80% van die mense sê met ál hul gebreke dat hulle hulself as Christene beskou, en 80% van die mense sê hulle staan by tradisionele waardes. En dít is waar ons ons gaan posisioneer. Ons mense kom natuurlik na die party toe, want die party gaan hom posisioneer om na sy eie mense om te sien, en gaan verteenwoordig wat in hul harte en hul siele brand."

As maatreël om die party vir meer kiesers aanneemlik te maak, stel die party 'n tienpuntplan voor wat fokus op die afwenteling van besluitneming na plaaslike woonbuurte:

- ✔ Tyd dat gemeenskappe besluite oor hulself neem.
- ✔ Tyd dat belastinggeld vir jou werk.
- ✔ Tyd vir billike belastings en tariewe.
- ✔ Tyd om infrastruktuur te herstel en te bou.
- ✔ Tyd vir finansiële verantwoordbaarheid.
- ✔ Tyd vir 'n gesonde en veilige omgewing.
- ✔ Tyd vir werkskepping en ekonomiese ontwikkeling.
- ✔ Tyd dat amptenare vir inwoners werk.
- ✔ Tyd vir 'n nuwe bedeling met goeie waardes.
- ✔ Tyd vir effektiewe oorsig en stabiele koalisieregerings.

Mulder sê dat koalisieregerings waarskynlik 'n werklikheid sal word in baie munisipaliteite ná die verkiesing. Volgens hom is geen party verseker van 'n volstrekte meerderheid nie.

"Ek dink die uitslag gaan 'n werklikheid skep waar geen party meerderhede het nie en dan moet daar koalisies wees. Ons mikpunt sal wees om steeds in die beste belang van die gemeenskap op te tree, en ons sal 'n verantwoordbare entiteit koalisies vorm rondom die waardesisteme wat ontstaan."

Mulder sê, sou die VF Plus verkies word, onderneem hy om sukkelende munisipaliteite reg te ruk.

Hy sê doeltreffende koalisies kan kollektiewe besluitneming bevorder, minderheidsbelange beskerm en help om die misbruik van mag te voorkom. **N**



Pretoria FM

Telkom
RADIO
AWARDS

Stem vir
**Pretoria**FM
en staan 'n kans om
**R40 000**
te wen

Stem by
www.radioawards.co.za
en klik op
MyStation Competition

## Kennisgewings

### Boedels: Likwidasie / Distribusie

**In die boedel van wyle: ROBERT REINIER LOMBARD**

**HURTER SPIES INGELYF KENNISGEWING VAN LIKWIDASIEREKENING WAT TER INSAE LÊ**

In terme van artikel 35(5) van Wet No 66 van 1965, word hiermee kennis gegee dat duplikate van die **EERSTE EN FINALE LIKWIDASIE EN DISTRIBUSIEREKENING** in die boedel hieronder vermeld, oop sal wees vir inspeksie aan alle belanghebbende persone vanaf **18 SEPTEMBER 2026 tot 9 OKTOBER 2026**, by die **LANDDROSHOF KEMPTON PARK** en **MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF, JOHANNESBURG.**

In die boedel van wyle: ROBERT REINIER LOMBARD

Identiteitsnommer: 490211 5079 082 Laaste Adres: 52 GLENRUS PARK, ANDREA STREET, GLEN MARAIS, KEMPTON PARK, 1620

Boedelnommer: 017654/2025 Langslewende gade se naam en van: N/A Identiteitsnommer: N/A

Indien geen besware daarteen by die betrokke Meester of Landdroshof gedurende die gespesifiseerde tydperk ingedien word nie, sal die eksekuteur voortgaan om uitbetalings te maak in ooreenstemming met die rekening.

**Adverteerder : HURTER SPIES INGELYF**
**Adres : Posbus 14505, Lyttelton, 0140**
**Telefoon : 012 941 9239**
**KENNISGEWING GEPLAAS TE WORD OP: 18 SEPTEMBER 2026**

Publikasiedatum
18-September-2026
NRK6487454

### Boedels: Debiteure / Krediteure

**IN DIE BOEDEL VAN WYLE: GERBRECHT ELIZABETH VERMAAK**

**KENNISGEWING AAN KREDITEURE IN DIE BOEDEL VAN WYLE: GERBRECHT ELIZABETH VERMAAK**

**GEBORE: 23 DESEMBER 1946**

**IDENTITEITSNOMMER: 461223 0138 081 EN NAGELATE EGGENOOT: PHILIPPUS CARL IZAK VERMAAK IDENTITEITSNOMMER GADE: 440930 5056 086**

**ADRES: 994 DEBORAH STRAAT, PRETORIA TUINE, PRETORIA,008 BOEDELNOMMER: 007088/2026 DATUM VAN AFSTERWE: 17 MEI 2026**

Skuldeisers en skuldenaars in bogemelde boedel word hiermee versoek om hulle eise in te dien en hulle skulde te betaal aan die ondergetekende binne 'n tydperk van **30 dae** vanaf **18 SEPTEMBER 2026** by Hurter Spies Prokureurs – 012 941 9239 of info@hurterspies.co.za.

Publikasiedatum
18-September-2026
NRK8907319

# Laventel & Roosmaryn om pikkewyne broeis te maak

*Marelize Maré*



Die Twee Oseane-akwarium in Kaapstad doen alles moontlik om sy Afrika- en rotsspringer-pikkewyne aan te moedig om te broei.

Die akwarium gee die pikkewyne onder meer laventel en roosmaryn as spesiale materiaal om hul neste te bou.

Die sagte tekstuur en natuurlike geur van laventel is verrykend, terwyl die kruid se antibakteriese en antiswameienskappe moontlik ook help om die nesomgewing skoner te hou.

Die akwarium sê die pikkewyne hou daarvan om die laventeltakkies bymekaar te maak en hul neste daarmee in te rig.

Plaaslike inwoners word ook gevra om laventel- en roosmaryntakkies uit hul tuine te skenk. **N**

# SASSA baie huur verskuldig

*Redaksie*

Die Suid-Afrikaanse Agentskap vir Maatskaplike Sekerheid (SASSA) skuld byna R18 miljoen aan agterstallige huurgeld by sewe kantore landwyd.

Dit is volgens die minister van Maatskaplike Ontwikkeling, Dina Pule, in 'n skriftelike parlementêre antwoord.

Die grootste bedrag, R16,5 miljoen, is vir die huurgeld van die agentskap se Nasionale Rekordbestuursentrum.

Betalings is volgens Pule vir drie maande nie gemaak nie omdat daar nie 'n geldige huurooreenkoms is nie en die saak tans in 'n regsproses gewikkel is.

Verskeie SASSA-kantore in KwaZulu-Natal en Limpopo het ook agterstallige huurgeld weens geskille oor huurkontrakte en munisipale fakturering.

Pule sê SASSA het intussen 'n outomatiese waarskuwingstelsel ingestel wat 12 maande voor die verstryking van 'n huurkontrak kennis gee, sodat die hernuwingsproses betyds kan begin. **N**

# Geen planne om brandstofpryse in te perk nie

*Redaksie*



Die minister van Minerale- en Petroleum-hulpbronne, Gwede Mantashe, sê daar is tans geen planne om in te gryp om die verwagte styging in brandstofpryse te versag nie.

Die Sentrale Energiefonds se jongste data dui daarop dat petrolpryse volgende maand met tussen R2,38 en R2,52 per liter kan styg.

Diesel kan met tussen R2,24 en R2,61 per liter duurder word, wat dit na rekordvlakke kan neem.

Mantashe sê die styging word onder meer deur hoër oliepryse, wisselvalligheid in die rand, beperkte wêreldwye raffineringskapasiteit en die konflik in die Midde-Ooste veroorsaak.

Hy sê die departement hersien wel die regulerende rekeningkundige stelsel en het reeds die Basiese Brandstofpryskomponent hersien. **N**

Pretoria FM

# 25% afslag

## op Nuusweek-regskennisgewings

Om jou regskennisgewings te adverteer, stuur nou 'n e-pos na adverteer@pretoriafm.co.za

Jou regskennisgewings word in Pretoria FM se e-publikasie, Nuusweek, asook op ons webblad gepubliseer

Om toegang tot die regskennisgewings te verkry besoek www.nuusweek.co.za

# Nuusweek

## Regskennisgewings

Bepalings en voorwaardes geld.

# Lesers se beurt




*Hier kry lesers die geleentheid om hulle sê te sê oor van die warmste onderwerpe van die afgelope week.*

Die afgelope week het dit gegons op sosiale media oor die moontlikheid dat 'n reeksmoordenaar aan die Oos-Rand werksaam is. Lees ook die berig op bladsy 2. Hier is wat lesers hieroor te sê gehad het:

**Sanette van Dyk**

Dit raak nou ernstig.

**Bennie van den Berg**

Ag nee, man. So kan dit nie aangaan nie. Ek daar groot geword. My oupa bly daar in dieselfde huis vir die afgelope 64 jaar.

**Sylvia du Toit**

Wel, dis dan nou regtig tyd dat die vroue van die land, ongeag hulle velkleur, toegelaat word om 'n pistool te besit sonder 'n lisensie, of die doodstraf moet weer ingestel word. Genoeg is nou regtig genoeg. Hoeveel keer en hoeveel nog?

**Shirley Harry**

Definitief 'n reeksmoordenaar.

**Claudette de Koker**

Bitter hartseer. Wat gaan aan? Iets moet gedoen word. Te veel mense word vermoor. Bring die doodstraf terug.

**Jan en Linda Labuschagne**

Julle moet kyk na 'n voetganger wat soos 'n boemelaar rondbeweeg en heeltemal onskuldig lyk.

**Anita van der Merwe**

Daar moet definitief 'n *serial killer* on the loose wees. Hoekom so baie vrouens in so 'n kort tyd?

**Petro Holtzhausen**

Hierdie persoon is in 'n *frenzie*! Hy gaan vir seker binnekort 'n fout maak. Met die genade van bo voor iemand weer met hul lewe moet boet!!


**Werner Fourie**

As ons vrouens nie meer veilig is nie het ons die stryd verloor.

**Clem van Huyssteen**

Dit is tyd om ons land terug te neem van die gemors. **N**

**Ons wil graag van jou hoor.**
**Stuur gerus jou kommentaar of briewe van nie langer as 200 woorde na nuusweek@pretoriafm.co.za.**



# Burnham dalk die laaste premier van die Verenigde Koninkryk

INTERNASIONALE PERSPEKTIEF

Jaco Kleynhans

Die eerste ministers van Wallis, Skotland en Noord-Ierland het die afgelope week in Cardiff vergader. Die leiers van hierdie drie streke, wat almal deel van die Verenigde Koninkryk (VK) uitmaak, was dit eens dat hul reg op selfbeskikking herbevestig moet word en dat dié reg in die toekoms uitgeoefen kan word om hierdie streke óf as onafhanklike state (Skotland en Wallis) óf as deel van 'n herenigde Ierland (Noord-Ierland) weer by die Europese Unie te laat aansluit.

Die geskiedenis van Skotland, Wallis en Noord-Ierland bly baie interessant en die feit dat die vryheidstryd in al drie gebiede nooit verlore gegaan het nie. In 1603 het die vereniging van drie krone onder een monarg, die sogenaamde Unie van die Krone, plaasgevind toe Koning Willem II van Skotland ook die Koning van Engeland en Ierland geword het.

Skotland het dus al vir eeue nie meer 'n eie koning nie en die vereniging van die twee lande se krone in 1603 het uiteindelik ook tot die skepping van die Unie van Groot-Brittanje in 1707 as een land gelei. Die strewe na Skotse onafhanklikheid het egter nog nooit ophou bestaan nie.

In 1997 is 'n referendum oor devolusie in Skotland gehou. Kiesers in Skotland is toe gevra of 'n eie Skotse parlement met gedelegeerde bevoegdhede ingestel moes word en of daardie parlement oor die bevoegdheid moes beskik om belastingkoerse te wysig. 'n Meerderheid van kiesers het op albei vrae "Ja" gestem, en ná 'n verkiesing in 1999 het die Skotse parlement tot stand gekom, byna 300 jaar nadat die vorige Skotse parlement ontbind is om deel van die Verenigde Koninkryk te word.

In die geval van Wallis lyk die verhaal heelwat anders en is dit selfs meer ingewikkeld. Wallis (Cymru in Wallies) was nooit vir lank 'n enkele, verenigde onafhanklike staat soos Skotland of Engeland nie. Dit het oor eeue heen uit verskeie Walliese koninkryke soos Gwynedd, Powys en Deheubarth bestaan. Tussen ongeveer 1057 en 1063 het Gruffydd ap Llywelyn die grootste deel van Wallis kortstondig onder hom verenig. In die dertiende eeu het die Prinsdom van Wallis onder Llywelyn die Grote, en later onder Llywelyn die Laaste de facto onafhanklikheid geniet totdat Edward I van Engeland dit tydens die oorlog van 1282 tot 1283 verower het.



*Andy Burnham*

Na Edward I se verowering is Wallis deur die Statuut van Rhuddlan by die Engelse kroon ingelyf. Owain Glyndŵr se opstand (vanaf ongeveer 1400 tot 1415) het onafhanklikheid kortstondig herstel.

Self in Wallis, wat polities die langste al deel van Engeland uitgemaak het, het die vlammetjie van vryheid nooit heeltemal verdof nie. In 1997 het 'n referendum oor 'n eie parlement ook daar plaasgevind en, soos in Skotland, is 'n eie parlement daarna ingestel. Dit was die eerste permanente wetgewende liggaam in Wallis sedert Owain Glyndŵr se parlemente in die vroeë vyftiende eeu.

Terwyl steun vir onafhanklikheid in Skotland al vir dekades net meer of net minder as 50% beloop, en 45% van Skotte in 2014 ten gunste van onafhanklikheid gestem het, was steun vir onafhanklikheid in Wallis egter die afgelope dekades heelwat laer. Dit is egter aan die toeneem en 'n onlangse peiling toon dat 32% van Walliesers, en veral jonger mense, ten gunste van onafhanklikheid is. In Mei vanjaar het die pro-onafhanklikheidsparty, Plaid Cymru, ook die eerste keer ooit 'n verkiesing in Wallis gewen.

Die verhaal van Noord-Ierland is ook anders as dié van Wallis en Skotland. Die Ierse opstande van 1916, toe Ierland nog deel van die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Ierland was, het tot die Ierse Onafhanklikheidsoorlog in 1919 gelei. Die Britte het voorgestel dat Ierland twee parlemente kry, maar deel bly van die VK. Een Katoliekgedomineerde parlement sou in Dublin wees en 'n Protestantsgedomineerde een in Belfast in die noorde. Toe die Ierse nasionaliste dit verwerp, is Ierland egter in 1921 in twee verdeel met Ierland wat onafhanklikheid verkry het en Noord-Ierland wat deel van die VK gebly het en dus vanuit Londen regeer is.

Noord-Ierland het ná die geweld van die 1990's in 1998 sy eie parlement gekry, maar het deel van die VK gebly. Dit was 'n voortvloeisel uit die Goeie Vrydag-ooreenkoms van 10 April 1998. Die demografie van Noord-Ierland het sedertdien egter bly verander en die Protestante het intussen 'n minderheid daar geword. Verlede jaar het die Ierse nasionaliste die regering in Belfast oorgeneem en 'n meerderheid van mense in Noord-Ierland is deesdae ten gunste van Ierse hereniging. Dit beteken dat 'n referendum hieroor een of ander tyd versoek kan word.

Die kanse is skraal dat Skotland en Wallis binnekort onafhanklikheid gaan verkry of dat Noord-Ierland binne 'n jaar of twee met Ierland gaan herenig. Alle tendense dui egter daarop dat al drie hierdie moontlikhede een of ander tyd binne die volgende paar jaar 'n werklikheid gaan word. Die vergadering in Cardiff die afgelope week besorg die Britse premier Andy Burnham 'n ekstra kopseer. Vir die huidige is hy nog die premier van die VK, maar indien hy lank genoeg kan uithou, gaan hy dalk nét die eerste minister van Engeland wees, iets wat waarskynlik wel die lot van een van sy opvolgers kan en gaan wees. **N**

**Kleynhans is hoof van openbare skakeling by Solidariteit.*

# Kos op die tafel is nie vanselfsprekend nie

BOER TOT BORD

Bennie van Zyl

Die voorreg om landbouskoue, boeredae en paneelbesprekings van kundiges oor voedselproduksie en -voorsiening by te woon, moet nie geringgeskat word nie. Dit is dikwels juis daar waar ’n mens die groter prentjie begin verstaan: hoe voedselsekerheid werk, wie die rolspelers is, waar waarde geskep word en belangriker nog, wie die risiko’s in die waardeketting dra.

Kos op die tafel is nie vanselfsprekend nie.

Die verbruiker is uiteindelik die mark en hulle behoeftes bepaal watter voedsel geproduseer word. Daardie vraag speel ook ’n belangrike rol in prysvorming. Maar agter elke produk wat op ’n winkelrak beland, is daar ’n produsent wat eers die risiko moes neem om dit te produseer.

Die boer is die beginpunt waarom die hele landbouwaardeketting draai. Primêre landbou se bydrae tot die bruto binnelandse produk mag relatief klein lyk, maar die breër landbou- en voedselwaardeketting se ekonomiese betekenis is veel groter. Die grootste waardetoevoeging aan baie voedselprodukte vind inderdaad ná die plaashek plaas; deur verwerking, verpakking, vervoer, bemarking en kleinhandel. Niks hiervan kan gebeur indien die boer nie eers die primêre produk produseer nie.

Juis dáár lê ’n belangrike waarheid: Die boer dra ’n buitengewone hoë risiko.

Weersomstandighede kan binne enkele ure ’n seisoen se inkomste vernietig. Pryse kan daal, insetkoste styg, siektes uitbreek en markte verander. Boonop moet Suid-Afrikaanse boere dikwels self help om die tekortkominge van die omgewing waarin hulle sake doen, te oorbrug. Veiligheid, paaie, water, elektrisiteit en ander infrastruktuur is nie bloot geriewe nie; dit is noodsaaklike voorwaardes vir ekonomiese produksie.

Daar is talle plekke waar boere noodgedwonge self paaie herstel of onderhou bloot om hul produkte by die mark te kry.

Dit bring ons by die groter Suid-Afrikaanse ekonomiese werklikheid. ’n Ekonomie kan nie volhoubaar groei sonder ’n beleidsomgewing wat vertroue skep nie. Beleggers, entrepreneurs en produsente moet kan glo dat die spelreëls redelik voorspelbaar is en dat produktiewe kapitaal en harde werk beloon sal word.



Geen boer kan bloot ’n gewenste oes op papier verklaar, verkeerde besluite neem en dan verwag dat die plaas vanself winsgewend sal wees nie. Net so kan geen land ’n beleid volg wat produksie, investering en ondernemingsvertroue ondermyn en terselfdertyd volhoubare ekonomiese groei verwag nie.

Die omvang van die uitdaging word onder meer sigbaar wanneer na die belastingbasis gekyk word. Volgens die jongste SARS-belastingstatistiek is 7,71 miljoen individue vir die 2024-belastingjaar geassesseer. Dit is maar een deel van die totale belastingbasis, maar dit illustreer hoe belangrik die produktiewe ekonomie en diegene wat inkomste genereer, vir die funksionering van die staat is.

Daarom behoort Suid-Afrika veel meer aandag te gee aan die mense en ondernemings wat waarde skep. Ons staan toenemend voor ’n keuse tussen ’n kultuur van voortdurende aanspraak (“demanding culture”) en ’n boukultuur waarin mense verantwoordelikheid aanvaar, innoveer, werk, produseer en die toekoms probeer ontsluit.

Hierdie spanning raak ook die landbou.

Ons kan nie voedselsekerheid as vanselfsprekend aanvaar en terselfdertyd die omstandighede wat kommersiële voedselproduksie moontlik maak, verswak nie. Dit is noodsaaklik dat Suid-Afrika se boere in produksie gehou word. Elke plaas wat produktief bly, dra by tot voedsel op die tafel, werkgeleenthede, belastinginkomste, uitvoere en ekonomiese aktiwiteit.

Daarom moet landbou nie deur ideologiese lense beoordeel word nie, maar aan die hand van ’n eenvoudige vraag: Maak die beleid dit makliker of moeiliker om te produseer, te belê en winsgewend te boer?

Eiendomsreg is binne hierdie verband van kardinale belang. Onteiening sonder billike vergoeding, of enige beleidsrigting wat onsekerheid oor eiendomsreg skep, kan nie losgemaak word van die vraag wat dit aan investering en produksie doen nie. Suid-Afrika het beleid nodig wat produksie uitbrei, nie beleid wat die risiko van produksie verder verhoog nie.

Die verantwoordelikheid lê egter nie net by die staat nie. Elke boer het ook ’n verantwoordelikheid om betrokke te wees, ingelig te wees en beginselvas standpunt in te neem oor sake wat die toekoms van landbou raak. Om stil te bly wanneer beleidsrigtings uiteindelik produksie en voedselsekerheid bedreig, is nie neutraliteit nie. Elkeen moet in die verband ook hulle organisasies toets oor watter standpunte ondersteun en uitgedra word.

Die verbruiker bepaal uiteindelik watter kos op die bord kom. Net so bepaal ons as burgers, produsente en gemeenskappe deur ons keuses en betrokkenheid watter rigting Suid-Afrika inslaan.

Landbou moet leef sodat die land kan leef. Daarom moet ons nie net vra wie vandag kos op die tafel sit nie. Ons moet vra wat ons doen om te verseker dat daar ook môre en oor twintig jaar nog iemand is wat dit kan doen. **N**

**van Zyl is die hoofbestuurder van TLU SA*

# Ou Moes

PRETORIA HISTORIA

Riana Mulder

*Uittreksel met aanpassings uit Deur dik en dun – lekker kos en stories uit ou Pretoria deur Riana Mulder*

Geen verhaal van Ou Pretoria sal volledig wees sonder die storie van die mees kleurvolle Ridder van die grootpad, destyds bekend as ou Moes nie.

Gebore in die Wes-Indiese eilande as August Moes, erfgenaam van 'n welvarende sigaarfabriek, was die jonge Moes 'n intelligente en talentvolle jongman, tot die dag dat hy verlief geraak het op die verkeerde vrou ... Sy geliefde was 'n kroegmeisie wat van pret en plesier gehou het, en tot sy familie se uiterste misnoeë het sy verhouding met haar ook gelei tot Moes se eie verslawing aan drank en partytjies. Uiteindelik het hy die grootste deel van sy familie se fortuin verloor, en het hulle net betyds ingegryp en hom verban na Suid-Afrika.

Vanaf ongeveer die middel van die 1880's was ou Moes dus 'n bekende en geliefde gesig in Pretoria se strate. Sy bekwaamheid in tale (hy kon vyf tale vlot praat), het dikwels handig te pas gekom tydens hofsake, en plaaslike koerante het ook van sy wye algemene kennis en pragtige handskrif gebruik gemaak. Eugène Marais se seun het later jare vertel hoe sy pa altyd vir ou Moes 'n werkie by sy koerant gegee het sodat hy hom 'n bedraggie kon betaal.

Die agteruitgang van Moes was egter onomkeerbaar. Sy verslawing was net té groot. Pretorianers het meestal uit hulle pad gegaan om hom te akkommodeer, selfs in tye wat sy tong ietwat skerp geraak het wanneer hy gevoel het dat iemand hom te na kom. Veral sy eerlikheid het hom gewild gemaak: Wanneer hy gebedel het vir brood of kos, was dit presies wat hy met die geld gekoop het. As dit was vir drank, het hy dit ook sonder skroom erken. In sy later jare was ou Moes 'n gereelde besoeker aan die Old Market Hall restaurant, waar die goedhartige eienaar, mnr. Schmeck, gereël het dat geen glase van die kroeg se toonbank af verwyder word voordat ou Moes om twaalfuur elke dag sy verskyning gemaak het nie. Hy het dan 'n skoon glas gekry, en al die oorskietdrank, gemeng, daarin gegooi. Na sy super-cocktail (sy eie naam daarvoor) het hy dan ook 'n gratis middagete in die eetsaal gekry.

Sy laaste blyplek was 'n leë klavierkas in die agterplaas van 'n prokureursfirma. Sy bed was 'n ou bad, gevul met lappe en ou klere. Een van sy weldoeners wou eenkeer weet of die muskiete hom nie pla nie. "Nee," het hy geantwoord. "In die voornag is ek te dronk, en in die na-nag is hulle!"

J.H. Pierneef, die bekende skilder, het eenkeer probeer deurdring tot ou Moes deur vir hom te vertel van 'n bekende politikus wat homself doodgedrink het. "Het jy gehoor van X se dood?" het hy gevra. Moes het ontkennend geantwoord. "Wel, weet jy waaraan is hy dood?" Weer skud Moes sy kop. "Hy is dood," sê Pierneef gewigtig, "van drink!"

"Pshew," sê Moes, en skud meerderwaardig sy kop. "Wat anders kan mens nou ook verwag van 'n amateur!"**N**

**Mulder is die redakteur van Pretoria Historia wat gelees kan word by www.pretoriahistoria.com*



*Ou Moes, ou Pretoria se gewildste Ridder van die grootpad.*
*[Foto: Rosa Swanepoel Pretoria geselsbrief, Augustus 2007]*

Jou gunsteling immuunversterker, IMMUNADUE
Nou SLEGS R119.99 by Dis-Chem






# Die Boekeblad

met Graffiti Boeke

# Nuut op die rak




### *Valskermbataljon-verhale 2*
**– Mike Bolhuis (Samesteller)**

**R280, Naledi**

Met die reusesukses van *Valskermbataljon-verhale* wat verlede jaar verskyn het, is daar 'n groot aanvraag vir nog stories uit die penne van valskermsoldate wat elkeen op 'n unieke manier en in hul eie woorde hul ervarings in dié elite-eenheid deel. Derhalwe verskyn *Valskermbataljon-verhale 2*, propvol nog uitsonderlike ware verhale.

Die aanvraag vir 'n opvolgboek het nie slegs van lesers gekom nie, maar ook van talle valskermsoldate wat graag hul stories van uiters uitdagende opleiding, operasionele kontak met die vyand, kameraadskap en humor wil deel. Stories wat hulle al vir dekades met hulle saamdra en nou met almal kan deel.

Soos met die eerste boek is dit stories van deernis, waagmoed, waaghalsigheid, deursettingsvermoë en uiterste lojaliteit, geskryf in die taal en styl van elke individuele soldaat; elkeen se eie ervarings in sy eie woorde, in beide Afrikaans en Engels. Stories wat eerlik en opreg geskryf is, oor 'n tyd wat die lewens van duisende soldate en hul geliefdes onomkeerbaar verander het.

*Valskermbataljon-verhale 2* is stories van moed, deursettingsvermoë, gevaar, humor, vasbyt en verlies wat die leser by tye laat regop sit, glimlag en ook diep laat nadink.

Dit is 'n boek nie net vir en oor soldate nie, maar vir elkeen wat nog ooit gewonder het oor die manne in maroen, hul valskerms en die eenheid.

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

### *Die meisie met die groen jas*
**– Annelie Ferreira**

**R220, Lapa**




'n Jaar nadat die De Wits uit Suid-Afrika na Engeland getrek het, sukkel Ahmed nog om sy voete te vind.

Die skoolhoof se seun is mislik met hom, en hy sukkel om die Britse meisies te verstaan. Sy nuwe skaduwerk by die museum gee hom darem hoop vir 'n sosiale lewe met meer aksie as 'n trapsuutjies wat van tak verwissel.

Maar dis net daar waar die moeilikheid begin.

Dit kon tog nie hy wees wat die brand gestig het nie? Maar hoe kan hy sy onskuld bewys in 'n vreemde land wanneer getuienis teen hom bly opstapel?


En wie is die beeldskone maar vreemde meisie met die groen jas?

Soos Ahmed vergeefs spartel om uit die moeilikheid te bly, word die geheimsinnige meisie die spil waarom sy lewe draai.

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

### *Een keer om die son: Boek Twee*
**– François Bloemhof**

**R280, Queillerie**




TYD STAAN NOOIT STIL NIE. Net so min kan die Van Wyks. Hulle het 'n reis van groei en genesing om voort te sit. Ruan en sy drie kinders – Markus, Leandri en Sophia – is steeds besig om 'n gedeelde tragedie te verwerk. Dit is egter nie ál waarmee hulle vanjaar te kampe sal kry nie. Liefde is deel daarvan.

Die kwessie van identiteit. En die ou, ou vraagstuk – wanneer om vas te hou en wanneer om te laat los. Elkeen sal die komende twaalf maande op sý manier aflê. Volgende toetse deurstaan. Tweede kanse aangryp. Want altyd is daar nuwe eise. En nuwe hoop. François Bloemhof se eerste herverbeelding van die gelyknamige TV-reeks was 'n enorme kritiese en kommersiële sukses. Lees nou verder!

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

## TOPVERKOPERS

**Hier is die week se topverkopers:**

**10** ***& Nog wat*** – Jana Luther

**9** ***Rebekka van Kameeldoornplaas*** – Irma Joubert

**8** ***Historiese almanak*** – Albé Grobbelaar

**7** ***Jagspinnekop*** – Erla Diedericks

**6** ***Daardie lewe Karel Schoeman*** – Ria Winters

**5** ***Grensloos*** – Wilna Adriaanse

**4** ***Twee halwes maak 'n hele*** – Marita van der Vyver

**3** ***My gunsteling gebedsjoernaal*** – LUCA

**2** ***Blinde kol*** – Martin Steyn

**1** ***Op Lig*** – Thilde Nel

## *Wen al drie die boeke!*



**'n Gelukkige leser het die kans om hierdie boeke te wen.**

Al wat jy hoef te doen om vir die prys in aanmerking te kom, is om die volgende vraag te beantwoord:

***Wie het Een keer om die son: Boek Twee geskryf?***

Whatsapp jou antwoord saam met jou **naam** en volledige adres na **072 386 5997**. **Inskrywings sluit Maandag 14 September 2026.**

Die wenner sal lukraak gekies word en in volgende week se *Nuusweek* aangekondig word.

Die pryswenner se boeke sal deur Graffiti versend word en alle navrae moet direk aan Graffiti gerig word by info@graffitibooks.co.za

**Wenner van 11 Sept 2026 se boekekompetisie is: Deirdre Fick – Polokwane**

**Al hierdie boeke sowel as ander nuwe vrystellings en topverkopers is nou beskikbaar by**

**www.graffitiboeke.co.za**

**teen 10% afslag.**

# "Huis": Om tuis te kom in God se teenwoordigheid

7VOOR7

Prof Tanya van Wyk
Universiteit van Pretoria

In Psalm 23 bely die digter oor God: "U goedheid en liefde sal my lewe lank by my bly en ek sal tuis wees in die huis van die Here tot in lengte van dae". In Johannes 14 lees ons Jesus se belydenis oor die reikwydte van God se koninkryk: "In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou ek nie vir julle gesê het nie."

Elke mens het verskillende assosiasies met die woord of idee van "huis" of "tuis". Vir sommige mense is "huis" 'n wat of dit is 'n waar, en vir nog ander is "huis" 'n wie ('n persoon). "Huis" kan onmiddellike emosies na vore bring. Soms is dit 'n mooi herinnering, ander kere eerder verlange, of verlies. "Huis" is 'n woord wat baie in die Bybel voorkom. Dit is 'n kragtige woord. Vir die Israeliete is huis meestal geassosieer met diep verlange. Bevryding van slawerny en uit ballingskap in Egipte, en in Assirië en later in Babilonië. Dit het beteken dat hulle "huis toe" kon gaan. Om huis toe te kon gaan, was die definisie van verlossing. Hierdie smagting het in baie van hulle geskrifte vorm aangeneem.

In Jesus se tyd het die tempel nie meer "tuiskoms" gesimboliseer nie. Ongelukkig is dit soms vir politieke doeleindes van die tyd misbruik. Daarom is dit vir Jesus belangrik om 'n ruim en uitnodigende betekenis van die huis van sy Vader in hierdie omstandighede te beklemtoon.

In Psalm 23 word huis aan "versadiging" gekoppel. In Johannes 14, word huis aan "baie plek" gekoppel. In beide hierdie gedeeltes word huis dus met God se teenwoordigheid in verband gebring. Waar en wanneer die geloofsgemeenskap van Jesus Christus aan "versadiging" en "ruimheid" gekenmerk kan word, kan mense tuiskom, want God word sigbaar. In daardie ruimte is rustigheid en heelword moontlik, te midde van 'n deurmekaar wêreld. Dit laat elke gelowige met 'n verantwoordelikheid om saam te bou aan 'n geloofsgemeenskap waar God se teenwoordigheid hulle wat daar inkom, soos 'n warm kombers van 'n huis omvou. **N**



## #vrydagfeite

Suid-Afrika het 28 medaljes by die 2026 State-bondspele ingepalm.

**Het jy geweet?**

- Dit is een van die wêreld se grootste internasionale multi-sportbyeenkomste en word elke vier jaar gehou.
- Die spele het van 11 lande en 400 atlete in 1930 gegroei tot 72 lande en 6 000 atlete.
- Atlete van lande en gebiede wat deel vorm van die Statebond van Nasies neem deel.
- Een van die opvallendste eienskappe van die Statebondspele is dat die Verenigde Koninkryk nie as een span deelneem nie. Engeland, Skotland, Wallis en Noord-Ierland stuur elk hul eie span. Selfs nie-soewereine gebiede, soos Norfolk-eiland en Niue, neem onafhanklik deel.
- Die Spele het deur die jare verskeie geskied-kundige oomblikke opgelewer – 1954 het Roger Bannister en John Landy geskiedenis gemaak toe albei in dieselfde mylwedloop die vierminuut-myl gebreek het – die beroemde "*Miracle Mile*".
- Die Koning se Baton-aflos (voorheen die Koningin se Baton-aflos) het in 1958 in Cardiff begin en bly vandag een van die Spele se bekendste tradisies.
- Sedert 2002 word paralimpiese atlete volledig by die Statebondspele geïntegreer, waar hulle as deel van hul lande se amptelike spanne meeding.
- Die 2030 Statebondspele sal na verwagting in Ahmedabad, Indië aangebied word. **N**



## VANDAG IN DIE VERLEDE

Albe Grobbelaar

Frans Hendrik Odendaal is op 18 September 1898 gebore. Hy was tussen 1928 en 1951 prokureur op Nylstroom voordat hy in 1962 die eerste voorsitter van TRUK, die Transvaalse Raad vir Uitvoerende Kunste, geword het. Fox Odendaal, soos hy bekend was, het TRUK binne twee en 'n half jaar tot 'n lewenskragtige organisasie uitgebou. Hy was ook tydens sy loopbaan LPR vir Waterberg en administrateur van Transvaal.

Die legendariese Sweedse aktrise Greta Garbo is op 18 September 1905 gebore. Sy is in 1999 deur die Amerikaanse Filminstituut saam met Katharine Hepburn, Bette Davis, Audrey Hepburn en Ingrid Bergman aangewys as een van die vyf grootste aktrises van alle tye.

Die rock-legende Jimmy Hendrix is op 18 September 1970 dood aan 'n oordosis dwelmmiddels. Hy was net 27 jaar oud toe hy gesterf het. Daar is soveel ander groot geeste uit die rock-wêreld dood op 27 dat daar van die "27 Club" gepraat word. Hulle sluit in Brian Jones, Janis Joplin, Jim Morrison, Kurt Cobain en ook Amy Winehouse.

Laastens: Dit was op 18 September 1990 dat Winnie Mandela aangekla is weens aanranding en menseroof in die ontvoering van en beweerde moord op die 14-jarige aktivis Stompie Sepei. Mev. Mandela is uiteindelik net skuldig bevind aan menseroof, en 'n boete sowel as 'n opgeskorte vonnis van twee jaar opgelê.. **N**



*Frans Hendrik Odendaal*




*Greta Garbo*



*Jimmy Hendrix*

# Sun International (JSE - SUI)

Die daaglikse lyngrafiek het betrekking.




**Agtergrond**

**Sun International** is 'n Suid-Afrikaanse groep wat fokus op dobbel, gasvryheid en vermaak, met bedrywighede wat insluit casino's, hotelle, oorde, aanlyn weddery en spelbedrywighede.

**Kernbevinding**

'n Moontlike dalendewigformasie (moontlik positief) hou beleggers sku.

Wat is 'n dalende wig? 'n Dalende wig is 'n tegniese patroon wat vorm wanneer die prys mettertyd af beweeg, maar die tempo van die daling raak al hoe stadiger, sodat die twee tendenslyne van bo en onder na mekaar toe begin beweeg. Dit beteken dat die mark nog laer hoogtepunte en laer laagtepunte maak, maar elke nuwe laagtepunt is minder aggressief as die vorige een. Hierdie saamdruk van prysbewegings wys dat verkopers se krag besig is om uit te loop, terwyl kopers stadig meer momentum opbou. Wanneer die prys uiteindelik bo die boonste weerstandslyn uitbreek, word dit gewoonlik gesien as 'n positiewe sein dat die afwaartse beweging sy einde bereik het en dat 'n moontlike ommekeer na 'n opwaartse tendens kan begin.

Die stogastiese indikator wys 'n positiewe tegniese afwyking – dit kan dalk 'n herstellopie inlui.

Wat is 'n stogastiese indikator? 'n Stogastiese indikator is 'n eenvoudige hulpmiddel wat wys hoe vinnig en hoe ver 'n instrument/aandeel se prys oor 'n kort tydperk beweeg het, en dit help die tegniese belegger wanneer die prys dalk te vinnig gestyg het (oorgekoop) of te vinnig gedaal het (oorverkoop). In gewone taal: Dit is soos 'n warm of koud-meter vir prysbewegings — "hoog" beteken die prys het te vinnig en te veel gestyg en "laag" beteken dit het te vinnig en te ver gedaal.

Bo lyn A (R48,08) kan die formasie na bo in werking tree, en indien momentum na bo aan die gang kom, kan die aandeel dalk mettertyd na R52,98 beweeg.

Onder R45,82 kan die aandeel steeds verder daal en teikens jaag van: R45,67; R45,42; R4533; R45,21; R45,00; R44,78; R44,63; R44,39; R44,21; R44,00; R43,81 en R43,60 is nie 'n onmoontlike teiken nie.

Ignoreer die aandeel onder R45,82.

Vir spekulante – koop of gaan lank bo lyn A (R48,08), slegs indien u glo dat bogenoemde tegniese beskrywing presies soos bespreek en uitgewys op die grafiek sal uitwerk, maar gebruik R45,00 as keerverlies om kapitaal te beskerm. Die moontlike teikens na bo is: R48,10; R48,38; R48,64; R48,83; R48,98; R49,32; R49,61; R49,90; R50,35; R50,74; R51,00; R51,40; R51,87; R52,33; R52,82; R52,98; R53,08; R53,67; R53,80 en R54,19.

Vir medium- en langtermynbeleggers – doen dieselfde as die spekulante en hou ook by hulle keerverlies om kapitaal te beskerm. Die 50-dag- bewegende gemiddeld (rooi lyn – R50,31) is 'n goeie sentimentsbarometer vir beleggers – onder die gemiddeld is beleggers sku vir die aandeel, maar bo die gemiddeld, is hulle positief.

**Belangrike vlakke om dop te hou**

Indien die instrument kopers lok bo lyn A, kan die instrument dalk beweeg na: R48,10; R48,38; R48,64; R48,83; R48,98; R49,32; R49,61; R49,90; R50,35; R50,74; R51,00; R51,40; R51,87; R52,33; R52,82; R52,98; R53,08; R53,67; R53,80 en R54,19.

**Opsomming**

Koop of gaan lank bo R48,08, maar gebruik R45,00 as keerverlies om kapitaal te beskerm.

**Gevolgtrekking**

Optimisme is aan die opbou, maar nog nie bevestig nie, maar bo lyn A kan ons nuwe momentum na bo verwag.

**Vrywaring**

Opinies rondom markte loop met bepaalde markrisiko's. Raadpleeg u beleggings-adviseur voordat u beleggingsbesluite neem. Hierdie tegniese opinie is die tegniese ontleder se eie opinie en moet geensins geag word as finansiële advies nie.

*Nuusweek* en Pretoria FM aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige uitkoms wat voortspruit uit hierdie inligting nie.

**Frans de Klerk**
*Onafhanklike tegniese ontleder verbonde aan fransdeklerk.com*
*Tel: 082 900 9996*



Bekom vandag nog jou droompos op www.solidariteit.co.za. Met meer as 700 poste beskikbaar per dag, is hierdie jou eenstopplatform vir werk – in Afrikaans!

*Klik op poste vir meer info*

## Administrasie

**Solidariteit - Data-administrasiebeampte** (Vastetermynkontrak)- Solidariteit | Kloofsig, Centurion | Sluitingsdatum: 23/09/2026

## Bestuursposte

**Service Centre Manager** - Finding Personnel | Johannesburg | Sluitingsdatum: 20/09/2026

**Administratiewe Bestuurder**, Bloemfontein - Mirna Butler Recruitment | Bloemfontein | Sluitingsdatum: 23/09/2026

**Silo Bestuurder, Mortimer** - Mirna Butler Recruitment | Mortimer | Sluitingsdatum: 23/09/2026

**General Manager Business Development** - Hominum | Edenvale | Sluitingsdatum: 25/09/2026

**Pakhuis Bestuurder** - Staffworx | Pretoria | Sluitingsdatum: 25/09/2026

## Finansies

**Finansiële Rekenmeester**, Krugersdorp - Mirna Butler Recruitment | Krugersdorp | Sluitingsdatum: 23/09/2026

**Financial Assistant / Bookkeeper** - Talent Evolution (Pty) Ltd | Pretoria | Sluitingsdatum: 25/09/2026

**Finansiële Rekenmeester** - SCW Consulting Pty Ltd | Wallmannsthal AH | Sluitingsdatum: 25/09/2026

**Debiteure Klerk** - Reivilo Industrieel | Vanderbijlpark | Sluitingsdatum: 25/09/2026

**Finansiële Rekenmeester** - SCW Consulting Pty Ltd | Wallmannsthal AH | Sluitingsdatum: 25/09/2026

**SAICA Clerk** – George- BVSA Konsult (Pty) Ltd | George | Sluitingsdatum: 25/09/2026

## Gasvryheid

**Food & Beverage Manager** - Finding Personnel | Pretoria | Sluitingsdatum: 20/09/2026

## IT

**IT Netwerk Tegnikus** - Cora O Neil Recruitment Agency | Pullens Hope | Sluitingsdatum: 24/09/2026

## Internskappe

**Onbetaalde Skaduwerk: Akademia Paarl** - Skaduwerk | Paarl | Sluitingsdatum: 25/09/2026

**Onbetaalde Skaduwerk: Akademia Centurion** - Skaduwerk | Centurion | Sluitingsdatum: 25/09/2026

## Kommunikasie & Bemarking

**Bemarkingsbestuurder** - Werfnet (Edms.) Bpk. | Randburg | Sluitingsdatum: 25/09/2026

## Konsultante

**Werwingskonsultant / Recruitment Consultant** - InBuilder | Equestria, Pretoria | Sluitingsdatum: 20/09/2026

## Logistiek

**Logistics Supervisor** - Cora O Neil Recruitment Agency | Krugersdorp | Sluitingsdatum: 24/09/2026

**Procurement Officer** - Midvaal Recruitment | Meyerton / Vereeniging | Sluitingsdatum: 25/09/2026

**Procurement Officer** - Midvaal Recruitment | Vereeniging | Sluitingsdatum: 25/09/2026

**Logistieke Bestuurder** - Cora O Neil Recruitment Agency | Krugersdorp | Sluitingsdatum: 25/09/2026

## Maatskaplike Werkers

**MAATSKAPLIKE WERKSGELEENTHEID IN MODIMOLLE** - Rata Maatskaplikedienste NPC | Modimolle | Sluitingsdatum: 22/09/2026

## Mynbou

**TMM Fleet Manager** (Mining)- Cora O Neil Recruitment Agency | Krugersdorp | Sluitingsdatum: 25/09/2026

## Onderwys

**Lektor: Meulmaker** - Sol-Tech Beroepsopleidingskollege | Pretoria | Sluitingsdatum: 21/09/2026

## Regslui

**Aktevervaardiger** - Cora O Neil Recruitment Agency | Hoedspruit | Sluitingsdatum: 24/09/2026

**Senior Arbeidsreg Prokureur** - Cora O Neil Recruitment Agency | Pretoria | Sluitingsdatum: 24/09/2026

**Conveyancing Attorney** - Cora O Neil Recruitment Agency | Pretoria | Sluitingsdatum: 25/09/2026

## Sekretarieel

**Litigasie Sekretaresse** - Cora O Neil Recruitment Agency | Lynnwood, Pretoria | Sluitingsdatum: 25/09/2026

**Junior Akte Sekretaresse** / Assistent- Cora O Neil Recruitment Agency | Faerie Glen, Pretoria | Sluitingsdatum: 25/09/2026

## Tegnies

**Senior Motorcycle Technician** - Finding Personnel | Johannesburg | Sluitingsdatum: 20/09/2026

**Motorcycle Assembly and Service Technician** - Finding Personnel | Johannesburg | Sluitingsdatum: 20/09/2026

**Apprentice Technician** - Finding Personnel | Johannesburg | Sluitingsdatum: 20/09/2026

**WOODTECH CNC Operator** – Clayville- Dandelion Recruitment Consultancy | Clayville, Olifantsfontein | Sluitingsdatum: 25/09/2026

**Tegniese Motorvoertuig Werkswinkel Diensadviseur** - Dandelion Recruitment Consultancy | Pretoria | Spuitingsdatum: 25/09/2026

## Verkope

**Verkoopsverteenwoordiger** - IME Fochville Mining & Civil Agencies | Steelpoort | Sluitingsdatum: 21/09/2026

**Interne Verkoops Administrateur** (Internal Sales)- Divgroup | Bedfordview, Germiston | Sluitingsdatum: 25/09/2026

**Verkoopskonsultant - DRINGEND!** - Cora O Neil Recruitment Agency | Pretoria | Sluitingsdatum: 24/09/2026

**Internal Sales Consultant** - Cora O Neil Recruitment Agency | Pretoria | Sluitingsdatum: 24/09/2026

**Key Account Manager** - Hominum | Gauteng | Sluitingsdatum: 25/09/2026

**Senior Tegniese Verteenwoordiger** - Staffworx | Pretoria | Sluitingsdatum: 25/09/2026



Sportberigte saamgestel deur Liezil van der Schyff

# SPAR Proteas slaggereed om Afrika-beker te verdedig




Die SPAR Proteas-groep het vandeesweek na Nairobi, Kenia gereis vir die 2026 Afrika-netbalbeker. Die toernooi vind van 19 tot 26 September in plaas, met Suid-Afrika as die verdedigende kampioen.

Die hoofafrigter, Jenny van Dyk, het ná die Statebondspele in Glasgow 'n aantal veranderinge aan die span aangebring, met sommige senior spelers wat die geleentheid sal kry om te rus en nie sal saamtoer nie. Die toernooi sal aan nuwe spelers speelkans bied en die afrigtingspan die geleentheid gee om kombinasies te toets om meer diepte in die groep te ontwikkel met die oog op die 2027 Netbalwêreldbeker in Sydney, Australië.

Die 12 spelers wat vir die toernooi gekies is, is Rolene Streutker, Nonsikelelo Mazibuko, Kamogelo Maseko, Owethu Ngubane, Kyla Dames, Karla Victor, Refiloe Nketsa, Luca Keun, Thulisile Maduna, Nozipho Ntshangase, Juanita van Tonder en Tinita van Dyk. Maseko sal die span as kaptein aanvoer.

Sanelisiwe Ntobela en Phophi Nematangari is as die reserwes ingesluit, wat nie gaan saamtoer nie, maar tuis op bystand sal wees. **S**



# Vrouebokke in die lêplek van die Rooi Drake




Vier lede van die Springbok-vrouespan, Babalwa Latsha, Lindelwa Gwala, Aseza Hele en Felicia Jacobs, hoop om vanaand in Cardiff naam te maak wanneer Suid-Afrika teen Wallis te staan kom.

Al vier spelers was deel van die span wat in 2018 in Cardiff met 19-5 teen Wallis verloor het. Gwala, nou die speler met die meeste toetswedstryde as 'n Springbok-vrouehaker, het ook in die 2021-kragmeting gespeel toe Wallis Suid-Afrika met 29-19 geklop het.

Die spelers glo egter die Springbok-vroue het sedertdien aansienlik ontwikkel. Suid-Afrika is tans 10de op die wêreldranglys, terwyl Wallis 13de is. Latsha en Gwala meen die span beskik nou oor die ervaring en wedstrydkennis om die Walliese uitdaging beter te hanteer.

Afskoptyd vanaand op Cardiff Arms Park is om 20:15. **S**

**Springbok-vroue teen Wallis:**

1 Sanelisiwe Charlie, 2 Lindelwa Gwala, 3 Babalwa Latsha, 4 Vainah Ubisi, 5 Danelle Lochner, 6 Sizophila Solontsi, 7 Catha Jacobs, 8 Logan Welman, 9 Felicia Jacobs, 10 Libbie Janse van Rensburg, 11 Ayanda Malinga, 12 Aphiwe Ngwevu, 13 Maceala Samboya, 14 Maria Tshiremba, 15 Byrhandré Dolf

Plaasvervangers:

16 Micke Gunter, 17 Xoliswa Khuzwayo, 18 Nombuyekezo Mdliki, 19 Nomsa Mokwai, 20 Aseza Hele, 21 Sinelitha Noxeke, 22 Jakkie Cilliers, 23 Patience Mokone

# Varsity Netbal se vier bestes bekend

Die vier halfeindfinaliste vir vanjaar se Varsity Netbal-toernooi is vroeër vandeesweek ná 'n dramatiese sewende rondte by die Rembrandt-saal in Pretoria bepaal. UJ sal komende Maandag teen UV Kovsies uitdraf, terwyl die verdedigende kampioene, die NWU Arende, teen UP-Tuks te staan kom.

Die UV Kovsies het vandeesweek hul ervaring as vyfmalige kampioene gewys met 'n oortuigende 60-46-oorwinning oor SUT in die Vrystaatse derby. Kovsies het vroeg begin oorheers en met rustyd reeds 36-14 voorgeloop.

Maties het een van die grootste verrassings van die rondte opgelewer toe hulle die verdedigende kampioene, NWU Arende, met 54-47 geklop het. Maties het van die begin af voorgeloop en kon hul voorsprong enduit verdedig ondanks 'n sterk terugvegpoging deur die Arende.

UP-Tuks het voor hul tuisskare 'n indrukwekkende 70-50-oorwinning oor Wits behaal. Tuks het van die eerste kwart af die wedstryd beheer en het ná die tweede kwart 25-13 voorgeloop. Wits het ná rustyd probeer terugveg, maar Tuks het die druk volgehou en die wedstryd gemaklik beklink.

UJ het hul seisoen in die eerste plek op die punteleer afgesluit, met 'n 49-41-oorwinning oor die Madibaz. UJ het vroeg die voortou geneem en teen rustyd 26-23 voorgeloop. Ná rustyd het die Johannesburgers beheer geneem om die oorwinning te verseker. Die Madibaz sluit die kompetisie sonder 'n oorwinning af. **S**

**Halfeindstrydbepalings op Maandag 21 September:**

**17:00** UP-Tuks teen NWU Arende by die *Rembrandt-saal, Pretoria*

**19:00** UV Kovsies teen UJ by die *Callie Human-saal, Bloemfontein*



# ROLBAL DAG

## 7 Oktober 2026
## Wingate Park Country Club
## Kos vir die dag ingesluit

Wollies Animal Shelter NPC

**R4 000** vir 1 span
**R6 000** vir 2 spanne
**R8 000** vir 3 spanne
'n Span bestaan uit 4 spelers

**Spanboudaggeleentheid vir besighede**

**Bring honde- of katkos na Pretoria FM se kantore voor 7 Oktober om 'n verskil te maak.**

Wetnose Animal Rescue Centre



# Proteas klop Namibië gemaklik



Die Proteas het Namibië verlede Sondag met nege paaltjies in Windhoek geklop om die derde en laaste eendagwedstryd te wen en die reeks van drie wedstryde onoorwonne af te sluit.

Bjorn Fortuin was die ster met die bal en het 'n loopbaanbeste 4/33 in sy 10 beurte behaal, nadat Namibië vir 156 lopies uitgeboul is. Kwena Maphaka en Nqaba Peter het elk twee paaltjies geneem.

Die Proteas het die teiken van 157 in slegs 21.3 boulbeurte bereik. Jordan Hermann het 77 van 59 balle gemoker, terwyl Connor Esterhuizen 'n onoorwonne 68 aangeteken het. Hermann en Esterhuizen het albei vroeër in die reeks honderdtalle behaal.

Hermann is aangewys as die kolwer én speler van die reeks, terwyl Namibië se Ruben Trumpelmann as die bouler van die reeks aangewys is. Fortuin is as speler van die wedstryd bekroon.

Intussen verskuif die aandag na die komende eendagreeks teen Australië wat op eie bodem plaasvind. Gerald Coetzee is ná drie jaar terug in die Proteas se eendagspan, terwyl Kagiso Rabada weens 'n besering die reeks sal misloop. Temba Bavuma sal die span as kaptein aanvoer.

Die 25-jarige Coetzee het tydens die 2023 Wêreldbeker laas in die 50-beurtformaat gespeel. Hy sluit by 'n sterk snelboulergroep aan wat Ottneil Baartman, Kwena Maphaka, Lungi Ngidi, Corbin Bosch en Marco Jansen insluit. Bjorn Fortuin en Keshav Maharaj is ook deel van die groep.

Aiden Markram sal vir die tweede en derde wedstryd beskikbaar wees, terwyl Quinton de Kock, Ryan Rickelton en Tony de Zorzi opsies bo-aan die kolflys is. Matthew Breetzke, David Miller en Tristan Stubbs versterk die middelorde.

Die reeks bestaan uit drie wedstryde wat op 24 September in Durban, 27 September op die Wanderers in Johannesburg vir die jaarlikse Pienkdag, en op 30 September in Potchefstroom sal plaasvind. Die reeks is deel van Suid-Afrika se voorbereiding vir die Wêreldbeker oor net meer as 'n jaar. **S**

# Bulls stel 55-man-groep vir nuwe VRK-seisoen bekend

Die Vodacom Bulls het hul 55-man-groep vir die 2026/27 Verenigde Rugbykampioenskap (VRK)-seisoen gister tydens 'n geleentheid by die Pretoria Nasionale Botaniese Tuin bekendgestel, met 'n kombinasie van ervare Springbokke en nuwe talent.

Die groep wat deur die hoofafrigter, Johan Ackermann aangekondig is, sluit 15 Springbokke in, wat Wêreldbeker-ervaring en internasionale gehalte na Loftus Versfeld bring. Onder die nuwe aanwinste is die agterspelers, Thaakir Abrahams en Curwin Bosch, die losvoorspeler, Hanro Liebenberg asook die Sharks se Hakeem Kunene en Mawande Mdanda. Sango Xamlashe van die Pumas, Dylan Maart van die Griekwas en die jong losskakel, Luan Giliomee is ook deel van die groep, hoewel Giliomee eers later in die seisoen by die groep sal aansluit.

Die Bulls begin hul nuwe VRK-veldtog volgende naweek met 'n wegwedstryd teen Zebre. Die uitgebreide groep beklemtoon die span se ambisie om van die eerste ronde af vir die titel mee te ding.

## Vodacom Bulls-groep vir die 2026/2027 VRK-seisoen

**VOORSPELERS (31)**

1. Alulutho Tshakweni, Gerhard Steenekamp, Jan-Hendrik Wessels, Sti Sithole, Dylan Smith
2. Johan Grobbelaar, Akker van der Merwe, Juann Else, Janco Uys
3. Francois Klopper, Mornay Smith, Khuta Mchunu, Jean Erasmus, Mawande Mdanda
4. Ruan Vermaak, Cobus Wiese, Jaco Grobbelaar
5. JF van Heerden, Reinhardt Ludwig, Heinrich Theron, Nicolaas Jansen van Rensburg
6. Marco van Staden, Marcell Coetzee, Nama Xaba
7. Nizaam Carr, Elrigh Louw, Hanro Liebenberg
8. Cameron Hanekom, Mpilo Gumede, JJ Theron, Jeandré Rudolph

**AGTERSPELERS (24)**

9. Embrose Papier, Paul de Wet, Zak Burger, Neil le Roux, Keagan Johannes
10. Handré Pollard, Curwin Bosch, Luan Giliomee (delayed start)
11. Stravino Jacobs, Sergeal Petersen, Thaakir Abrahams, Riyaad Bam
12. Harold Vorster, Sango Xamlashe
13. Stedman Gans, Katlego Letebele, Demetri Erasmus
14. Sebastian de Klerk, Canan Moodie, Cheswill Jooste, Dylan Maart
15. Willie le Roux, Devon Williams, Hakeem Kunene



*Die Vodacom Bulls se hoofafrigter, Johan Ackermann en sy kaptein, Marcell Coetzee*

# Affies maak opslae in krieket


Die Afrikaanse Hoër Seunskool, Affies, se kriekettalent het onlangs die kollig gesteel. Die eerste span se aanvangskolwer, Vihan Pretorius, die jonger broer van die Protea Lhuan-dré Pretorius, het 'n nuwe Affie-rekord in die 50-beurtformaat opgestel met 'n indrukwekkende onoorwonne 241 lopies teen Hoërskool Garsfontein. Sy beurt het 142 aflewerings gehad en het 12 sesse en 22 viere ingesluit. Hy het daarmee Jorich van Schalkwyk se vorige rekord van 240 lopies, wat in 2024 opgestel is, met een lopie verbeter.

Voor van Schalkwyk se groot telling was AB de Villiers se 2002-telling van 186 lopies teen Pretoria Boys High die rekord.

Intussen het nog 'n oud-Affie, Ximus du Plooy, sy buiging in eersterangse krieket gemaak. Die matriekleerling van 2018 het vir Limpopo in 'n driedagwedstryd teen Grens gespeel, waarin Limpopo met 26 lopies geseëvier het. Du Plooy is die jonger broer van Leus du Plooy, wat onlangs 'n kontrak met die Titans gesluit het. **S**



*Ximus du Plooy* *Vihan Pretorius*

# Curriebeker bly in Kimberley




Die Suzuki Griekwas het verlede naweek hul Carling Curriebekertitel suksesvol verdedig met 'n 23-16-oorwinning oor die Airlink Pumas in 'n spannende eindstryd in Kimberley.

Die besoekers het teen rustyd met 13-10 voorgeloop, maar die Poubloues het in die tweede helfte teruggeveg. George Whitehead, wat sy 150ste wedstryd vir die Griekwas gespeel het, het 'n belangrike rol gespeel met drie strafdoele en twee doelskoppe. Die plaasvervangerhaker, Janco Uys, het vyf minute voor die einde die beslissende drie gedruk, waarna Whitehead die doelskop suksesvol oorgeskop het.

Die Pumas het vroeg die voortou geneem nadat Darren Adonis 'n drie gedruk het, maar die Griekwas het teruggeslaan met 'n drie deur Mnombo Zwelendaba. Ná 'n gelykop tweede helfte het strafdoele deur Whitehead en die Pumas se Clinton Swart die telling laat wipplank ry voordat Uys se laat drie die wedstryd beslis het.

Die oorwinning beteken dat die Griekwas nou opeenvolgende Curriebeker-kampioene is. Die manne van Kimberley se wraak was behoorlik soet nadat die Pumas hulle in 2022 in die eindstryd geklop het. **S**

# Tatjana terug in die water



Die Olimpiese kampioen Tatjana Smith keer terug na mededingende swem nadat sy ná die Olimpiese Spele in Parys in 2024 uitgetree het. Smith, wat vroeër in haar loopbaan onder haar nooiensvan Schoenmaker deelgeneem het, het in Parys goud in die 100 m-borsslag en silwer in die 200 m-borsslag verower. By die Tokio Olimpiese Spele in 2021 het sy nie net die wêreldrekord verbeter nie, maar ook goud in die 200 m-borsslag en silwer in die 100 m gewen.

Smith het intussen saam met 'n nuwe groep, Lane Leader, in Stellenbosch begin oefen. Swem SA se hoof van hoë prestasie, Dean Price, sê haar ervaring en vermoë as 'n sterk mededinger sal waardevol wees, nie net in individuele items nie, maar ook in aflosspanne.

Die 29-jarige Smith sal van 24 tot 27 September aan die Suid-Afrikaanse kortbadkampioenskap in Pietermaritzburg deelneem. Sy sal aan die 50 m-, 100 m-, en 200 m-borsslagitems deelneem, terwyl sy ook saam met haar Lane Leader-spanmaats in die aflositems te sien sal wees. Hierdie kampioenskap dien ook as keuringsbyeenkoms vir die Wêreld-kortbadkampioenskap in Desember in Beijing.

Smith se terugkeer kom te midde van 'n moeilike tyd vir Suid-Afrikaanse swem. Sy het onlangs beweer dat Swem Suid-Afrika in die verlede betalings van prysgeld vertraag het. Die organisasie se president en uitvoerende hoof is intussen geskors terwyl World Aquatics moontlike oortredings van sy etiese kode ondersoek.

Ander bekende swemmers wat in Pietermaritzburg sal deelneem, sluit in Michael Houlie, Dune Coetzee, Hannah Pearse, Georgia Nel, Guy Brooks en Chris Smith. Die byeenkoms sal ook paraswemkompetisies insluit. **S**